

Vrydag 26 September

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-4

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:1-4 (AFR2020)

Jesus, God en mens, oorbrug die gaping tussen God en mens

Van die vroegste tye af was daar tweespalt rondom die twee nature van Christus. Hoe is dit moontlik dat Hy gelyktydig volledig God en volledig mens kan wees? Dit is op 'n manier prysenswaardig dat sommige hulleself nie kon vereenselwig met die gedagte dat God enigsins in of aan 'n menslike skepsel kon deel hê nie. Daarvoor is Hy te groot en te heilig. Tog is dit juis die punt – dit is hoe ver ons Here bereid was om te gaan sodat Hy ons kon red (Fil 2).

Met die menswording van die Here Jesus bring God Homself tot binne ons sondegevalle verstaanswêreld. Die apostels getuig dat hulle Hom gehoor het (let wel: nie net “van Hom” nie!), Hom gesien het, Hom aandagtig bekyk het en selfs aan Hom geraak het met hulle hande. Jesus, God, kom in 'n vorm en manier dat die mens Hom met al sy sintuie kan waarneem.

Wat die apostels waarneem, is egter ook soveel meer as net 'n mens! Hulle getuig dat hulle met die “Woord van die Lewe” in aanraking was. Hulle verkondig “die ewige lewe wat by die Vader was” en nou aan almal bekendgemaak is. Wat hulle in Jesus gesien en gehoor en bekyk het, was niks minder nie as God Self.

Wie dit glo, deel in die band tussen die Vader en die Seun (in en deur die Gees). Gelowiges word deel gemaak van hierdie liefdesband waarvan daar geen gelyke is nie. Dit behoort 'n blydschap aan te wakker wat nie ingehou kan word nie. Daarom deel die apostels dit ook met ander sodat hulle blydschap volkome kan wees, want hoe meer jy met ander deel waaroor jy bly is, hoe meer word jou eie ervaring daarvan.

En het ons nie rede tot blydschap nie!? Jesus Christus, gelyktydig God en mens, oorbrug die gaping tussen God en mens en laat ons deel in die verhouding tussen Hom en ons Vader.

*Sing: Skrifberyming 3-2:1, 3, 6
Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*